# Laerskool Boerefort

# Omsendbrief



Verken, leer en groei saam—een dag, een les en een sukses op 'n slag!

Goed, Beter, Boeries 30 Januarie 2026 Uitgawe #03

## Program vir Week 4

2 - 6 Februarie 2026

### Maandag

- Omgeeweek
- Atletiek oefening – 13:45 – 15:00

### Dinsdag

- Omgeeweek
- Atletiek (tuis) Villieria & Du Preez van Wyk

### Woensdag

- Omgeeweek
- Hardopleesdag
- Senior Revue oudisies (14:00 - 15:00)
- Atletiek oefening – 13:45 – 15:00

### Donderdag

- Omgeeweek
- Atletiek oefening – 13:45 – 15:00

### Vrydag

- Omgeeweek
- Personeelkonsert
- Netbal o/13 Proewe
- Detensie







## Lief en Leed



Ouers en Leerders

Stel ons gerus in kennis van enige Lief en Leed wat met u gesin gepaard gaan ons wil graag saam jul deel in die vreugde en ons wil saam met jul bid in moeilike tye



## Algemeen

# Februarie Verjaarsdae





"'n Verjaarsdag is nie net 'n viering van jare nie, maar 'n dankbare oomblik vir elke herinnering wat nog kom."

## Leerder Verjaarsdae

Een
- Mickaylah Delport 1A
- Bernice Mulumba 5S

Twee
- Marko Borman 7L
- Amorey Du Plessis 5M
- Mazibuko Lehakoe 2M

Drie
- Markus v Zyl RY
- Mackenzie Knoetze 7S

Vier
- Munro Bowker 6N
- Jan-Hendrik vd Merwe 4D
- Mekayla Naudé RY
- Zoey vd Merwe 4J

Ses
- Ian vd Walt 6N
- Zandrie Breedt 5S
- Raviyah Issa 1S

Sewe
- Joshua Rood RS
- Gabbi Smith 7L
- Jeandré Koekemoer 7S
- Joyce Newton 7D

Agt
- De-Handré Olivier 4J
- Marno Beytell 1S
- Lourens Beytell 5S
- Jaydon de Jongh 5M

Nege
- Robert Whitley 2BK

Tien
- Caleb Gouws 6A
- Charné Wessels 5M

Elf
- Megan Landy 5M
- MW Lourens 7S
- Alya-Leigh Williams 6F

Twaalf
- Naledi Mekwa 3C
- Modisha Kutumela 4H
- Larinique Lyon 1S
- Deandré de Boeck 1S

Dertien
- Miané Avenant 2M

Vyftien
- Othello Chimari 1A
- Onthatile Sekwala 1S
- Jannie Conradie 2BK
- Lian Cloete RS
- Marcus Marees 3M
- Pieter Wiid 1S

Sestien
- Laila Lourenco 6A
- Zayden Richards 3C
- Handré vd Merwe RY

Sewentien
- Daniel Swart 6F
- Zannel Breedt 3C

Negentien
- Dehanay Pretorius RY
- Suané Pretorius RY
- Franco Swart 6N

Twintig
- Chloe v Zyl 7D
- Mekayla Myburgh 7L

Een en Twintig
- Wian v Zyl 4D
- Lushen Meyer 2BK

Twee en Twintig
- Faatiu Owoiya 4D

Drie en Twintig
- Reghardt Strydom 2E

Vier en Twintig
- Ederich Grieb RS

Vyf en Twintig
- Luandré Haywood 7D
- Alicia Smit 1A

Ses en Twintig
- Ruivo Mzamo 7L

Sewe en Twintig
- Altus Pauley 7L
- Miané Crafford 4H
- Rele Mokone 4H

Agt en Twintig
- Francois vd Vyfer 6A
- Amoné van Blerk 2M



## Personeel en BL

6 Februarie
- Jonas Mahlangu (Algemene werker)

8 Februarie
- Annelie Broodryk (Onderwyser)
- Stella Vermaak (Departementshoof)

19 Februarie
- Louise Coertzen (Graad R Assistent)

21 Februarie
- Bianca Fraser (BK en Gr R Assistent)

HAPPY BIRTHDAY



# NUUS

# Onthou ASSEBLIEF



"Belangrike datums help ons om vooruit te beplan en geen oomblik wat saak maak, mis te loop nie."

## Belangrike Datums vir die kwartaal

Kommunikasie rakende die belangrike datums sal volg. Hou D6 dop.

- ~~30 Januarie tot 1 Februarie - [illegible] (Sien brief aangeheg)~~
- 6 Februarie - Personeelkonsert R30 - Kaartjies by die kantoor
- 7 Februarie - Skoonmaak van Spruit (Moot Projek)
- 10 Februarie - Rugby en Netbal Ouer vergadering
- 13 Februarie - Valentynsjol
- 18 Februarie - 1ste Rugby- en Netbalspanne Inhuldiging
- 23 Februarie - Paaseier bestellings gaan uit en Gr 5 inentings
- 6 Maart - Graad 7 koekverkoping en Fliekaand
- 20 Maart - Boekbuddies (Graad R tot 7) R50
- 23 Maart - Firelighter projek begin

**Briewe en belangrike kennisgewings:**
Kyk daagliks vir belangrike inligtingstukke in u kind se tas en stuur antwoord-strokies so gou as moontlik terug.
Alle ouers word versoek om asb. die d6 Communicator Toep op selfone af te laai.
Belangrike kennisgewings word op hierdie platform versprei.
Weeklikse omsendbriewe word per d6 Communicator en e-pos versprei op Vrydae en kan ook afgelaai word op ons webblad www.boerefort.co.za.

d6 School Communicator



# NUUS

# Belangrike Inligting



"Belangrike inligting is nie net woorde nie – dit is die sleutel wat help om regte besluite betyds te neem."

## Visvang Naweek

CANCELLED

Geagte Ouers

Ons verwys graag na die aangehegte brief met al die nodige inligting rakende die visvang-naweek.

Ons versoek vriendelik dat ouers teen Maandag aan Mnr Keet sal laat weet of hulle saamgaan, aangesien die getalle tans baie min is. Ongelukkig sal die oord ons nie kan akkommodeer indien die getalle so laag bly nie.

Dit is dus belangrik dat ons so spoedig moontlik 'n finale getal ontvang om die nodige reëlings te kan bevestig.
Baie dankie vir u samewerking en begrip.



## Wagklas

Hiermee wil ons u vriendelik herinner aan die skool se reëling rakende die afhaal van leerders na skool.

- Leerders moet binne 30 minute na skool afgehaal word.
- Laerskool Boerefort neem geen verantwoordelikheid vir enige skade, verliese en/of beserings wat opgedoen word ná afloop van hierdie 30 minute nie.
- Dit bly die ouers se verantwoordelikheid om te verseker dat kinders betyds afgehaal word.
- Leerders wat ná 30 minute steeds op die terrein ronddwaal of in die wagarea is, sal 'n negatiewe inskrywing ontvang.
- Die wagarea is slegs 'n vergunning. Misbruik van hierdie vergunning word as kinderverwaarlosing beskou en sal by maatskaplike dienste aangemeld word.
- Die toegekende wagarea sal onder CCTV-toesig wees.

Ons vertrou op u samewerking om die veiligheid en welstand van alle leerders te verseker.



## Moot Projek – Spruit Skoonmaak

Laerskool Boerefort beplan 'n Spruit-skoonmaakprojek, en ons nooi graag al ons ouers en leerders om saam met ons hande te vat en 'n verskil te maak.
Ons vra vriendelik dat deelnemers enige tuin- of skoonmaakgereedskap saambring wat kan help met die projek (bv. harke, grawe, snoeiskêre, ens.).
Ouers en leerders moet asseblief gemaklike klere met tekkies aantrek.
Indien enige ouer tuinwerkers het wat hulle vir die dag wil borg om te kom help, sal ons dit opreg waardeer. Alle hulp, groot of klein, sal 'n groot bydrae lewer tot die sukses van die projek.
🕢 Byeenkoms: 07:30 op die skoolveld
🕗 Skoonmaaktyd: 08:00 – 10:00
Saam kan ons ons omgewing netjieser en veiliger maak, en terselfdertyd vir ons leerders 'n waardevolle voorbeeld van gemeenskapsbetrokkenheid stel.
Baie dankie vir u ondersteuning en bereidwilligheid om saam te werk.

SPORT



# Nuus uit die Sportkantoor





Saam oefen ons harder, speel ons sterker en wen ons elke uitdaging—een span, een doel, een oorwinning op 'n slag.

## Wat sê Mnr Christoff?

Geagte Ouers en Leerders

Ons wil graag ouers en leerders inlig oor die sportaktiwiteite wat tans by die skool plaasvind. Middelafstande / Algemene Kondisionering (Graad 1 tot 7) word Maandag, Woensdag en Donderdag elke oggend vanaf 06:45 tot 07:15 aangebied. Hierdie sessies is daarop gemik om leerders se fiksheid, dissipline en algehele sportvaardighede te ontwikkel, en ons moedig alle leerders aan om konsekwent deel te neem.
Baie dankie aan elke atleet wat gister deelgeneem het aan die atletiek byeenkoms. Ons is trots op elke atleet wat Boerefort se naam hoog gehou het. #TrotsBoeries

Vriendelike groete
Die Sportkantoor



## Atletiek Datums

3 Februarie - Villieria en Du Preez van Wyk (tuis)
9 Februarie - Cluster

Verdere datums sal gekommunikeer word.

## Belangrike Nuus vir die week

### Bulletjie Rugby

Ons is opgewonde om aan te kondig dat Bulletjie Rugby oefeninge amptelik begin op Maandag, 2 Februarie!

Oefeninge sal plaasvind elke Maandag en Woensdag van 17:30 tot 18:30. Dit is 'n wonderlike geleentheid vir ons jong spelers om hul rugbyvaardighede te ontwikkel, fiks te bly en natuurlik baie pret te hê saam met hul maats.

Ons sien uit na 'n opwindende seisoen vol energie, spanwerk en groei. Alle belangstellende leerders is welkom om deel te neem!







## Atletiek

Ons atletiekseisoen is amptelik volstoom aan die gang en die opgewondenheid is groot! Met elke wedloop, sprong en gooi sien ons deursettingsvermoë, spanwerk en ware sportgees op die baan.

Middelafstand atlete moet Maandae tot Donderdae 06:45 tot 07:15 by oefening wees.

Alle inligting t.o.v. Dinsdag se byeekoms sal Maandag oggend na ouers gestuur word.

## Rugby

Die rugbyseisoen staan voor die deur en die opgewondenheid is groot! Ons sien uit na 'n seisoen van spanwerk, dissipline en sterk sportmanskap op en langs die veld.
📅 Die eerste ouervergadering vind plaas op 10 Februarie, en oefeninge begin op 12 Februarie. Ons nooi alle spelers en ouers hartlik uit om betrokke te raak en saam deel te wees van 'n suksesvolle rugbyseisoen.
Ouers word herinner aan die Kaalvoetklonkie kliniek. Briewe was einde laasjaar uitgedeel.

## Netbal

Die netbalseisoen lê voor en ons sien baie daarna uit om saam te begin. Hierdie seisoen beloof spanwerk, toewyding en uitstekende sportmanskap op die baan.
📅 Die eerste ouervergadering vind plaas op 10 Februarie, en oefeninge begin op 12 Februarie. Alle spelers en ouers word hartlik uitgenooi om deel te wees van 'n suksesvolle en opwindende netbalseisoen.
Ouers word herinner aan die Kaalvoetklonkie kliniek. Briewe was einde laasjaar uitgedeel.

**Kultuur**

# Nuus uit die Kultuur Kantoor







Saam vier ons kultuur, bou ons karakter en groei ons trots—een optrede, een tradisie en een herinnering op 'n slag.

## Wat sê die Boerie Personeel?

- Kultuur aktiwiteite by die skool vir 2026
- Senior Revue gr 4-7 begin eersdaags met oudisies - 4 Februarie 2026
- Redenaars gr 1-7 vind plaas in 2e kwartaal, briewe met inligting sal later deurgegee word.
- Pretoria Kunstefees gr R-7 vind plaas in die 3e kwartaal - leerders kan inskryf vir Beeldende Kuns, Voordrag (Afr en Eng) asook Solosang.
- Sodra inligting van die organiseerders ontvang word sal dit aan ouers en kinders gekommunikeer word.
- Kerskonsert vir alle leerders gr R-7 in 4e kwartaal







## Redenaars 2026














## Revue

Ons Senior Revue is om die draai en die opgewondenheid is tasbaar! Ons sien baie daarna uit om weer talent, kreatiwiteit en pret op die verhoog te beleef.
Oudisies vind plaas op Woensdag 4 Februarie van 14:00 tot 15:00 in die skoolsaal.
Alle Graad 4 tot 7 leerders is hartlik welkom om deel te wees van hierdie spesiale produksie.
Kom wys jou talent, bou selfvertroue en wees deel van iets besonders – ons kan nie wag om julle te sien nie!

## Personeel Konsert

Ons sien baie daarna uit om ons Personeelkonsert aan julle bekend te stel wat plaasvind op 6 Februarie om 18:00. Hierdie spesiale aand beloof om propvol vermaak, lag en verrassings te wees – alles deur ons eie personeel!

Kaartjies is te koop by die kantoor teen R30.
Moenie hierdie geleentheid misloop nie – bring die familie, kom ondersteun ons personeel en geniet 'n aand van goeie gees en lekker kuier saam met die skoolgemeenskap. ⭐

# Algemeen

# Nuus uit die Kantoor



"Die skoolkantoor is die hart van die skool – waar elke kind se naam onthou word en elke dag met 'n glimlag begin."

## Subsidie Aansoeke

IGeen sunsidieaansoeke mag deur kinders ingehandig word nie. Ouers moet asb. persoonlik die vorm kom inhandig by die kantoor en teken.



### Mev. Wendy Strydom

Vir Graad R tot 7 Skoolgelde en Naskoolgelde kontak Me Wendy by finansies@boerefort.co.za

## Betalings op D6

Wanneer daar enige betalings op D6 gedoen word vir bv. dagboek, gewone klere ens. moet die bewys van betaling asb. aan die voog onderwyser gestuur word sodat dit op die klaslyste afgemerk kan word.

## Skoolgelde

Januarie skoolgelde is nou betaalbaar asb.
Februarie - Naskoolgelde.
Gebruik familiekode as verwysing

## Graad 5 Hpv and Tdap Campaign

Departement Basiese Onderwys en Sosiale Ontwikkeling bied hierdie jaar weer verskeie gesondheidsdienste aan skole.

Susters Tara Rudolph en Zama Mogale is vriendelike gesigte wat reeds bekend is aan die Boeries.

Graad 5 Seuns en Dogters het Dinsdag toestemmingsbriewe ontvang. Stuur asb. terug op die laatste 30 Januarie.


Indien u NIE BELANG STEL NIE, skryf asb. u kind se naam op die vorm en trek 'n lyn deur die vorm.
Die susters sal die skool op 23 Februarie besoek.

- Slegs Graad 5 dogters ontvang HPV-inenting.
- Graad 5 Seuns en Dogters ontvang Tdap-inenting.




## Koeldrank Proppies

By Laerskool Boerefort wil ons graag ons opregte dank uitspreek teenoor al ons ouers en leerders vir elke bydrae en die groot ondersteuning wat ons ontvang het met die koeldrankproppie-projek. Julle bereidwilligheid om saam met ons 'n verskil te maak in ons gemeenskap het hierdie projek 'n groot sukses gemaak.
Vandag is die laaste dag waarop proppies by die skool ingehandig kan word, en ons is ongelooflik dankbaar vir elke klein bydrae wat gehelp het om 'n groot doel te bereik.
'n Spesiale woord van dank aan Olivia en Morgan Prinsloo se mamma vir haar besondere gebaar om 'n ekstra rolstoel te skenk aan 'n behoeftige leerder. Hierdie omgee en vrygewigheid beteken meer as woorde kan beskryf.
Baie dankie vir u bereidwilligheid om saam met ons 'n verskil te maak en vir u volgehoue ondersteuning van hierdie mooi projek. Saam bou ons aan 'n gemeenskap vol hoop, omgee en liefde.










Nuus

# Belangrike Gebeurtenisse

"Belangrike gebeurtenisse merk nie net oomblikke nie – dit vorm herinneringe, bou betekenis en skryf die storie van ons lewens."

Bestellings vir Magnete en Sleutelhouers kan by die kantoor geplaas word.

Sien aangeheg bestelvorm en voorbeelde.



Nuus

# Belangrike Gebeurtenisse




"Belangrike gebeurtenisse merk nie net oomblikke nie – dit vorm herinneringe, bou betekenis en skryf die storie van ons lewens."



Nuus

# Belangrike Gebeurtenisse

"Belangrike gebeurtenisse merk nie net oomblikke nie – dit vorm herinneringe, bou betekenis en skryf die storie van ons lewens."



Nuus

# Belangrike Gebeurtenisse






"Belangrike gebeurtenisse merk nie net oomblikke nie – dit vorm herinneringe, bou betekenis en skryf die storie van ons lewens."



Algemeen

# Boeries met Hoop

"Ons jeugwerker is 'n veilige hawe by die skool – iemand wat luister, lei en hoop saai in jong harte."

## Jeugwerker

https://chat.whatsapp.com/BOPyLAX5ZnnFk9guGhmolA (Gebedsgroep ouers)
https://chat.whatsapp.com/KuhkjXmTTec4Jn9z4CPzAH (Selgroepe ouers)

Hier bo is die links vir die verskeie Whatsapp groepe waar die ouers kan inskakel indien hulle of hulle kind belangstel om deel te raak.

Dan wil ons ook graag in die omsendbrief sit dat ons met die volgende prosesse weer afskop in die komende week; Boeries met Hoop: Graad 4 en 5 is Woensdae en graad 6 en 7 is op Donderdae in die saal tydens albei pouses.

Dit is n proses wat ek as jeugwerker fasiliteer waar jou kind meer oor God en Sy waarheid oor sy/haar lewe kan ontdek.

Jeug groep: Hierdie is n groep vir spesifiek graad 6 en 7 wat op Vrydae middae direk na skool plaasvind tot 14:30, tensy anders gekommunikeer word. Dit is waar ons bietjie meer in diepte in die woord delf, goeie en gesonde vriendskappe ontwikkel word en waar ons vir hulle die nodige "tools" gee om allerdaagse probleme aan te kan pak op grond van bybelse beginsels.

Ouer-gebedsgroep: Hier is waar ons en jy as ouer in gebed kan intree vir die verskeie areas by die skool soos sport, toetsreekse, onderwysers, kinders, ens.

Vriendelike groete
Reinhard

## Advertensie Geleentheid

Hierdie is slegs 'n advertensie geleentheid vir die maatskappy/ individue om produk/diens te bemark in ons omsendbrief. Laerskool Boerefort onderskryf geen waarborg of aanspreeklikheid vir enigeen wat op enige advertensies reageer nie.






📢 Advertensiegeleenthede in ons Omsendbrief 📢
Ons nooi besighede en individue vriendelik uit om in ons weeklikse omsendbrief te adverteer. Dit is 'n uitstekende geleentheid om jou dienste of produkte aan ons skoolgemeenskap bekend te stel.
💰 Koste: R200 per advertensie per week
Deur in die omsendbrief te adverteer, bereik jy ouers, personeel en leerders op 'n direkte en effektiewe manier.
Moenie hierdie geleentheid misloop om jou besigheid sigbaar te maak nie!
Kontak gerus die skoolkantoor vir meer inligting of om jou advertensie te bespreek.